PROJEKSPAN GEBEDSGIDS

GEBED VIR 40 DAE

Eks 33:15

Toe het Moses vir Hom gesê:

> As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.

BEWARING VAN DIE VYAND

2 Kron 20:15
en sê: "Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie ‘n saak vir julle nie, maar vir God.”

Ps 108:13 (108:14)
Met God aan ons kant sal ons oorwin, Hy self sal ons vyande vertrap.

Eks 14:14
“Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."

MENSE OM TE KOM
MENSE WAT WEGGERAAK HET

Jer 32:40
Ek sal ‘n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie.

Fil 1:6
Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom

MENSE WAT SAAMWERK

2Tim 2:24
‘n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra.

2Ti 2:25
Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring.

2Tim 2:26
Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

28 JULIE - 15 SEPTEMBER